

BOEKRESENSIES

Walbert Bühlmann, The Missions on Trial. Addis Ababa 1980, St. Paul Publications, Middlegreen 1978, Prys. R7.80.

Walbert Bühlmann het na vore getree as begaafde skrywer met sy boeke The coming of the third Church en Forward, Church! Hy was self vroeër 'n sendeling in Tanganyika (tans Tanzanië) maar vanaf 1954 tot 1970 het hy sendingwetenskap doseer aan die Universiteite van Freiburg en Rome. Sedert 1971 is hy sekretaris-generaal van die Kapusynse sendingorde.

Bühlmann se boek The Coming of the third Church wat in 1977 in 'n Engelse vertaling verskyn het, het 'n baie goeie ontvangs geniet en is in vyf tale vertaal. Daarin toon hy aan dat die swaartepunt van die Christendom besig is om te verskuif vanaf Amerika en Europa na die lande van Latyns Amerika, Asië en veral Afrika. Die derde kerk is voorwaar aan die opkom. Die eerste kerk is dan die Oosters-Ortodokse Christendom, die tweede kerk die Westerse christendom en die derde kerk die christendom wat aan die ontwikkel is in die lande van die derde wêreld.

Die derde kerk is die gevolg van veral die Westerse sendingaksie van die negentiende en twintigste eeue. In die post-koloniale tydvak het die sendingaksie van baie kante af sterk onder kritiek deurgeloop. Dit is hierdie aanslag teen die sending wat Bühlmann in sy jongste boek onder oë neem.

Die skrywer maak gebruik van die interessante analogie van 'n hofspraak waarin die sending dan die aangeklaagde is. In die aanklag teen die sending word 'n hele reeks getuies uit die derde wêreld, maar ook uit die Weste na vore geroep. Uit gedokumenteerde bronne word dan 'n wye reeks aanklagte teen die sending weergegee. Uit die derde wêreld het dit veral te doen met die noue verbinding tussen sending en kolonialisme en uit die Westerse wêreld is daar die sosialistiese jeug wat vra of daar nog enige sin in is om die nie-christene te probeer kersten.

In die verweer word ook weer 'n aantal getuies vir die sending opgeroep. Hulle erken dat die sending as menslike aktiwiteit nie sonder foute was nie, maar wys dan op die geweldige bydrae wat die sending op die gebied

van onderwys, mediese dienste en selfs sosiaal ekonomiese ontwikkeling gelewer het. Daar word gewys op die bydraes van sendelinge met betrekking tot volkekundige studies, taalstudie en Bybelvertaling. 'n Aantal kort biografieë van sendelinge word gegee om op hulle toewyding te wys. Die duisende grafte in Afrika en elders is die bewys van die prys wat betaal is vir hierdie aksie.

Wanneer die uitspraak moet kom aan die einde, beslis die hof dat uitspraak onbepaald uitgestel word omdat volgens die skrywer die tyd nou nog nie ryp is om 'n gesonde gebalanseerde evaluering van die sending te gee nie. Dit sal eers kan geskied as die reaksionêre gees van die dekolonisasie afgeplat het.

Tipies van Bühlmann is die boek in 'n maklik leesbare styl geskryf en hou dit die belangstelling van die leser van die begin tot die end. Dit is nie die soort stof wat vir 'n missioloog bedoel is nie. Vir die student of predikant wat belangstel in wat daar vandag oor die sending gesê en gedink word, is hierdie 'n waardevolle en leserswaardige uiteensetting. Na die lees daarvan sal 'n mens goed begryp waarom die sending self tot 'n probleem geword het. Die simpatieke aanpak laat 'n mens egter ook goed begryp dat die tyd vir die sending nog lank nie verby is nie. Hier het ons te doen met 'n soort apologie vir die sending wat ook die kritici van die sending nie onaangeraak sal laat nie. Ons wil vertrou dat ons predikante in die bediening wat ernstig oor die sending nadink, ook van die boek sal kennis neem.

---oOo---

D.C.

W.H. Velema: Midden in de Maatschappij. Over Ethiek en Samenleving, Kok, Kampen 1979, sagteband, 160 bl., prys R10.33.

Hierdie werk van die bekende Christelik-gereformeerde hoogleraar in etiek is hoofsaaklik 'n bundel voordragte oor etiese vraagstukke in die maatskaplike lewe.

Die groot verdienste van die boek lê daarin dat verskillende onderwerpe aan die orde kom waaroor daar nog maar min uit teologies-etiese gesigspunt gepubliseer is: kommunikasie en waarheid, onderwys en samelewing, die bepunting van leerlinge (studente), die resenseer van boeke (sic!) en die nuusmedia. Daarbenewens word ook gehandel oor vraagstukke soos abortsie, eutanase en seksualiteit.

Prof Velema is bekend vir sy behoudend-gereformeerde beginseluitsprake en in dié opsig is hierdie boek geen uitsondering nie.

Dit spreek vanself dat 'n boek oor etiek en samelewing 'n konkrete verandering in die tydsomstandighede sal hê. Daar kom dus heelwat aan die orde wat vir die leser in Suid-Afrika nie so tersaaklik is as vir die Nederlandse leser nie.

Vir elkeen wat egter belangstel in die onderwerpe waaroor prof. Velema handel, sal die boek 'n goeie gids wees.

---oOo---

P.C.P.

Walter C. Kaiser , Toward an Old Testament Theology, Zondervan Publishing House, Grand Rapids/Michigan 1978, R13.10

Kaiser het in sy Teologie geprobeer om 'n weg te vind tussen twee gevaar-punte deur: 'n blote deskriptiewe en 'n voorskrywende normatiewe. Volgens hom moet 'n O.T. Teologie in diens staan van die O.T. Eksegese, nie van die Sistematiese Teologie nie. Hy aanvaar 'n eenheidstema in die O.T. as kanon: die belofte wat in elke deel van die kanon ingebed is. Deur aan te sluit by Von Rad se diakroniese tipe teologie is Kaiser in staat om die wordende, die wisselende, histories-deskriptief aan te beid en terselfdertyd die konstante se betekenis vir vandag na vore te bring rondom die sentrale tema: die Belofte. Dit probeer hy doen deur die teks van die O.T. vir homself te laat praat. 'n Vraag wat somer nou-al gevra moet word: Was Kaiser nie dalk nader aan 'n sentrale tema met 'n vragie op p. 10 waar hy verwys na "the relationship between God and man" nie? Die belofte is 'n faset van hierdie verhouding wat in die O.T. beklemtoon word met die uitspraak: Ek sal vir jou (julle) 'n God wees en jy (julle) moet vir my 'n volk wees." Wesenlik word Kaiser se Teologie dan ook amper 'n openbaringsgeskiedenis met die aksent op die belofte. En daardeur ly die historiese stof soos die juridiese en wysheidsliteratuur skade. Dit word dus in baie opsigte 'n verskraalde refleksie oor die O.T. prediking oor God in sy verhouding tot dit wat Hy geskep het.

Maar Kaiser se Teologie het tog betekenis deurdat hy erns maak met die O.T. as kanon, 'n duidelike historiese lyn van die openbaring en prediking oor 'n belangrike O.T. tema aanbied en die leser inlei in aspekte van die problematiek rondom die O.T. Teologie. Daarom is dit 'n bruikbare boek, veral vir beginners.

A.H. v.Z.